# LUX MUNDI VELDTOG 2025

# Waag OOR GRENSE

## 17 Aug - 17 Sept

Dit is weer **VELDTOG-tyd** in Lux Mundi! Ons is baie opgewonde! Die **hele gemeente** fokus op die veldtog en gaan saam op hierdie opwindende reis. Hierdie jaar se tema wil ons leer om **ons gemaksones te verlaat** en dit **saam met Jesus oor grense te waag** en nuwe moontlikhede en leefwêrelde te ontdek sodat ons die volheid van 'n lewe in diens van die koninkryk kan beleef! **Mense wat Koning Jesus volg, WAAG IMMERS OOR GRENSE!**

**Ons doen die veldtog saam as geloofsfamilie, in groepe, gesinne, en persoonlik saam met die Here.** Deur op al 3 vlakke gelyktydig die veldtog te volg, kan mens **maksimum impak en groei** beleef: saam as groot groep (gemeente); 'n kleiner groep (groeigroep/gesin/veldtog oopgroep) en persoonlik. Ons gebruik vir hierdie veldtog opwindende gedeeltes uit die Nuwe Testament en die Vroeë Kerk wat **ons inspireer** om te waag oor grense!

Hierdie **voubiljet** wil jou help om weeklikse aantekeninge te maak en sommer 'n opsomming van die veldtog te hou en die groot prentjie in gedagte te hê. Skryf tydens die veldtog in die spasies neer wat jy hoor die Here vir jou sê.

***"Ek wil hê julle moet iets vir My doen: "Die wêreld is nou julle sendingveld. Gaan oral na almal toe en daag hulle uit om My sonder enige voorwaardes of verskonings te volg."***
***Matteus 28:19a (DB)***

**Wat is jou verwagting van die** *Waag oor Grense* **Veldtog?**

# 1



# Saam met **JESUS**

*“[2]Hy het vir hulle gesê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Daarom moet julle bid tot die Here, aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes. [3]Gaan nou! Kyk, Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.”*

***Lukas 10:2-3 (AFR2020)***

*“[8]Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

***Handelinge 1:8 (AFR1983)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy jou gemaksone verlaat en dit saam met Jesus waag oor grense?

___

___

___

___

# 2



# **ONTWRIGTING** langs die pad

*“[1]Daardie dag het daar 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria...”*

***Handelinge 8:1 (AFR1983)***

*“[4]Die gelowiges wat uit Jerusalem gevlug het, het nie opgehou om oor Jesus te praat nie.”*

***Handelinge 8:4 (Die Boodskap)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy midde van tye van ontwrigting steeds met mense praat oor die goeie nuus dat Jesus Koning is?

___

___

___

___

# 3  Ten spyte van **HINDERNISSE**

*“[4]Hy moes egter deur Samaria gaan. … Uitgeput van die reis, het Jesus net daar by die fontein gaan sit. Dit was ongeveer die sesde uur. [7]Daar kom toe 'n vrou uit Samaria om water te skep, en Jesus sê vir haar: “Gee vir My water om te drink.” … [9]Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: “Hoe is dit moontlik dat u wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water vra om te drink?” Jode meng immers nie met Samaritane nie.”*

***Johannes 4:4-9 (AFR2020)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy soos Jesus ten spyte van sosiale, geslag en kultuur-grense waag om met mense oor Jesus die Messias te gesels?

# 4  Oor grense van **GODSDIENSTE**

*[22]Paulus het toe in die middel van die Areopagus gaan staan en gesê: “Atheners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is. [23]Want toe ek deur die stad gestap het en noukeurig gekyk het na julle voorwerpe van aanbidding, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskryf staan, ‘Aan 'n onbekende god.’ Wat julle dan onwetend aanbid, verkondig ek aan julle. [24]Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here is van hemel en aarde, woon nie in tempels wat met hande gemaak is nie.”*

***Handelinge 17:22-24***

**Uitdaging:** Hoe kan jy oor die grense van godsdienste waag, verhoudinge bou en selfs geloofsgesprekke voer?

# 5 Selfs na VREEMDELINGE

*“[26]'n Engel van die Here het vir Filippus gesê: “Maak gereed en gaan na die suide, met die pad wat van Jerusalem afwaarts loop na Gasa. Dit is 'n verlate pad.” [27]Hy het toe gereedgemaak en vertrek. En kyk, daar was 'n man van Ethiopië... [29]Toe sê die Gees vir Filippus: “Gaan nader en bly by daardie wa.”*

***Handelinge 8:26-27 & 29 (AFR2020)***

*[29]Mense sal uit die ooste en die weste, die noorde en die suide kom aanleun om te eet in die koninkryk van God. [30]En kyk, wie laaste is, sal eerste wees, en wie eerste is, sal laaste wees.”*

***Lukas 13:29-30 (AFR2020)***

**Uitdaging:** Hoe kan jy op jou lewensreis waag en oorstap na vreemdelinge en hulle saamnooi na die fees van die Koninkryk?

Hierdie veldtog wil jou help om dit oor grense heen te waag en om God in die vreemde en in die vreemdeling te ontmoet.

**(IN PAS-Handleiding p76)**

“Die evangelie van Jesus Christus in die goeie nuus dat God die grense tussen hemel en aarde deurbreek het en ons in ons menslike bestaan kom ontmoet het. Daarom kan ‘n gemeente wat God se hartklop vir hierdie wêreld ken, nie anders as om in navolging van God oor grense heen te beweeg en om mense te ontmoet waar en soos hulle is nie..”

**(IN PAS-Handleiding p76)**

“In ‘n wêreld waarin vreemdelinge met agterdog benader word, vertrou ons die Gees vir ‘n openheid vir sy verrassende teenwoordigheid in die lewens van vreemdelinge wat Hy elke dag oor ons pad stuur.”

**(IN PAS-Handleiding p79)**

“Ons leef met ‘n verwagting om deur God verras te word met vreemdelinge wat Hy as “Godsgeskenke” oor ons pad stuur en met wie ons sy liefde mag deel of van wie ons sy liefde mag ontvang.”

**(IN PAS-Handleiding p79)**

**MAG JY GOD OP ‘N VARS EN NUWE WYSE LEER KEN EN BELEEF SOOS JY OOR GRENSE WAAG!**